higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

24 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Noukeurig beplande stelle menu's wat teen definitiewe intervalle geroteer word afhangend van die tipe kosdienseenheid.

A Spesiale funksie menu's
B Table d' hôte menu's
C A la carte menu's
D Sikliese menu's

1.1.2 Hierdie godsdiensgroep sluit nie enige beesvleis by hulle dieet in nie.

A Moslem
B Hindoe
C Joodse
D Christen

1.1.3 'n Voorbeeld van 'n kositem wat met 'n etniese groep verbind word:

A Hoender Chow Mein
B Gepiekelde vis
C Afval
D Melktert

1.1.4 'n … is iemand wat 'n besigheid begin en bedryf om 'n wins te genereer.

A Werknemer
B Ondergeskikte
C Entrepreneur
D Intrapreneur

1.1.5 'n Tipe besigheid wat uit 2–20 lede bestaan wat gekombineerde kapitaal, arbeid bydra en winste deel.

A Alleeneienaar
B Vennootskap
C Beslote korporasie
D Maatskappy

Kopiereg voorbehou

1.1.6 ’n Besigheid moet by die … geregistreer wees vir belasting.

A Departement van Arbeid
B Departement van Handel en Nywerheid
C Suid-Afrikaanse Inkomstediens
D Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom

1.1.7 ’n Tipe vaardigheidsontwikkelingsgeleentheid waar die sous sjef die hoofsjef se verantwoordelikhede tydelik oorneem.

A Posverryking
B Instaanopleiding
C Spesiale opdrag
D Vervangingsopdrag

1.1.8 ’n Goeie voorbeeld van ’n sjef se loopbaanaspirasies kan wees om …

A vir vyftien jaar as ’n sjef by dieselfde organisasie te werk.
B daagliks dieselfde pligte uit te voer.
C goeie werksverhoudings met sy/haar kollegas te ontwikkel.
D ’n hoofsjef te word.

1.1.9 Die mees geskikte persoon om ’n ontvangsdame se prestasie te evalueer, is die …

A voorportaalbestuurder.
B huishouer.
C hoofsjef.
D instandhoudingsbestuurder.

1.1.10 Die teken hier onder is ’n voorbeeld van ’n … teken.



A verpligte
B belettende
C veiligheidsvoorwaarde
D waarskuwings-

1.1.11 … is ’n voorbeeld van ’n veiligheidsgevaar wat in die werkplek kan plaasvind.

A ’n Koshanteerder met ’n verkoue wat met kos werk
B ’n Foutiewe alarmstelsel op die perseel
C ’n Gladde vloer in die kombuis
D ’n Stoorkamerdeur wat nie kan sluit nie

Kopiereg voorbehou

1.1.12 By studente-onrus is ’n rubberband aan die brand gesteek.

Watter van die volgende moet in hierdie geval gebruik word om die brand te blus?

A Waterslang
B Skuim
C Koolstofdioksied
D Brandkombers

1.1.13 Bestuur word verplig om … noodhelpers vir die twee honderd werknemers by die werkplek te verskaf.

A 1
B 2
C 3
D 4

1.1.14 Die mees geskikte menu styl om ’n verskeidenheid kanapees voor te sit, is op ’n …

A skemerkelkie menu
B table d’ hôte menu
C a la carte menu
D plat du jour menu

1.1.15 … is regeringsondersteuningsagentskappe wat persone in klein besighede ondersteun.

A DTI en CIPRO
B DTI en SEDA
C SEDA en CIPRO
D SEDA en SAID

(15 × 1) (15)

1.2 Kies die gesondheidsprobleem uit KOLOM B wat pas by die korrekte noodhulpprosedure in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Lig die pasiënt se bene	A	gebreekte pols
1.2.2	Gee iets soets om te eet of drink	B	vermeende spinale besering
1.2.3	Spalk die beseerde area	C	asma-aanval
1.2.4	Minimeer enige beweging van die pasiënt	D	diabetiese noodgeval
1.2.5	Spoel die area met koel lopende water	E	chemiese brandwond
		F	'n pasiënt in skok
		G	'n pasiënt wat sukkel om te sluk

(5 × 1) (5)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Dit is belangrik om alle vensters en deure oop te maak wanneer 'n brand ontdek word.

1.3.2 'n Ontruimingsplan kan nie sonder 'n gebou-uitleg opgestel word nie.

1.3.3 By elke venue in 'n hotel moet die gebou se uitleg vertoon word.

1.3.4 Enige werknemer is geregtig om 'n ontruiming van die hele perseel te magtig wanneer dit 'n lewensbedriegende situasie is.

1.3.5 Persoonlike berading is 'n geskikte metode om te gebruik wanneer 'n werknemer sy/haar gedrag in die werkplek moet verander.

1.3.6 Die aantal personneellede in die kombuis affekteer nie die menu van 'n onderneming nie.

1.3.7 Dit is onnodig om versamelde inligting oor besighede te verifieer wat van 'n webtuiste verkry is.

1.3.8 Ovovegetariërs mag slegs eiers insluit uit die vleisgroep in hulle dieet.

1.3.9 'n Menu kan aangepas word om die sitplek-omset in 'n restaurant te verhoog.

1.3.10 ’n Restaurant hoef nie enige kositems vir hulle kliënte te beklemtoon wat soja, gluten en neute bevat nie, aangesien dit bestanddele sal verklap wat hulle kos spesiaal of uniek maak.

1.3.11 ’n Bestuurder moet die enigste persoon wees wat nuwe menu items aan die kelners bekend maak.

1.3.12 Seisoenale bestanddele is deur die hele jaar beskikbaar.

1.3.13 Om diefstal te verhoed, sal die stoorklerk bestanddele uit die stoorarea aan die kombuis uitreik.

1.3.14 Buffet menu’s is ’n verskeidenheid geregte wat op ’n menu aangebied word, gewoonlik teen ’n vaste prys.

1.3.15 Iemand wat net een gereg wil bestel, sal na ’n table d’ hôte menu kyk. (15 × 1) (15)

1.4 Kies die gedeelte van ’n sakeplan uit KOLOM B wat pas by sy beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Beskryf die daaglikse aktiwiteite van die besigheid	A	finansiële plan
		B	bemarkingsplan
1.4.2	Sluit in die aanvangsuitgawes en kapitalisasie	C	operasionele plan
1.4.3	Enige bykomende ondersteunende dokumente bygevoeg	D	besigheidsmodel
		E	uitvoerende opsomming
1.4.4	Die mees kritieke deel van die sakeplan wat enige finansiering benodig beklemtoon	F	aanhangsels
1.4.5	Beklemtoon enige navorsing gedoen op produkte, dienste en prysing		

(5 × 1) (5)

1.5 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende stellings deur dit langs die vraagnommer (1.5.1-1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.5.1 ’n Toets wat ontwerp is om ’n werknemer se belangstellings, gedrag en voorkeure te toets wat waardevolle inligting aan die werkgewer kan verskaf.

1.5.2 Die tipe vaardigheidsontwikkelingsgeleentheid wanneer ’n sjef van ’n buitemaatskappy gevra word om die huidige hoofsjef se verantwoordelikhede tydelik oorneem terwyl hy weg is.

1.5.3 Die tipe proses wat gebruik word om doelwitte daar te stel volgens sy waarde van belang.

Kopiereg voorbehou

1.5.4 ’n Evaluering gedoen deur die werknemers self gebaseer op hulle eie prestasie, sonder om deur hulle portuur of bestuurder beïnvloed te word.

1.5.5 Wanneer gaste ’n hotel verlaat wat onveilig geword het.

1.5.6 ’n Instelling waar ’n alleeneienaar toegang kan kry tot enige wette gebaseer op die werksplek.

1.5.7 ’n Getoetste resep met ’n spesifieke metode en hoeveelhede wat die heel tyd dieselfde kwaliteit produk produseer.

1.5.8 ’n Tradisionele vis wat voorgesit word as deel van ’n Engelse ontbyt menu item.

1.5.9 ’n Aanbevole dieet wat gebruik word vir mense wat met hoë bloeddruk gediagnoseer is.

1.5.10 Die tipe koste, soos huurgeld, elektrisiteit, versekering en advertering om te oorweeg wanneer menu prysing bereken word.


(10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die organogram hier onder en beantwoord die vrae wat volg:



2.1.1 Die fyngebak sjef, Mickal, moet vlaskywe voorberei en gaarmaak vir ’n prestasiebeoordeling. Definieer die term *prestasiebeoordeling*. (3)

2.1.2 Watter EEN van die werknemers in die organogram sal die volgende rolle vervul wanneer Mickal se prestasie beoordeel word?

A Portuur
B Ondergeskikte
C Bestuurder (3)

2.1.3 Hoe sal elke werknemer in VRAAG 2.1.2 tot die prestasie-beoordeling bydra? (3 × 1) (3)

2.1.4 Die bestuurder moet terugvoer gee aan Mickal oor haar prestasiebeoordeling.

Brei uit op hierdie stelling. (4)

2.1.5 Die bestuurder het Mickal vir ’n aanlyn fyngebakkursus ingeskryf om tuis te voltooi. Dit is om haar vaardighede vir die komende fyngebakkompetisie wat oor ses maande sal plaasvind, te verbeter. Om aan hierdie kompetisie deel te neem, is een van Mickal se langtermyn doelwitte.

Deur die S.M.A.R.T. metode te gebruik, sit Mickal se doelwit uiteen. (10)
(5 × 2)

2.1.6 Verdedig die stelling hier onder:

Om ’n aanlyn studiekursus te doen, kan voordelig wees vir Mickal. (1)

2.2 Die commis chef uit die organogram in VRAAG 2.1 benodig ontwikkeling in die voorbereiding van kaaskoeke met ’n verskeidenheid bolae. Vul die tabel hier onder in deur die antwoorde langs die vraagnommer te skryf.

Vaardig-heid om te ontwikkel	**Uitkoms**	**Opleidings-ontwikkelings-aktiwiteite**	**Modus van aflewering**	**Tyds-raam-werk**	**Onder-steunings-persone**
Produseer ’n kaaskoek	2.2.1 (2)	2.2.2 (2)	2.2.3 (2)	2 weke	2.2.4 (2)

(8)

2.3 Wat kan die moontlike gevolge wees vir elk van die volgende partye as prestasiebeoordelings nie gereeld gedoen word nie?

2.3.1 Die werknemer (4)

2.3.2 Die werkgewer (4) (8)

2.4 Skep ’n tafeluitstalling wat TWEE interne en TWEE eksterne spesialiste uitbeeld wat gekontak kan word tydens enige noodsituasies by ’n hotel. (4)

Kopiereg voorbehou

2.5 Die Gesondheids- en veiligheidsbeampte by ’n hotel belê ’n vergadering met al die kombuispersoneel asook die hoofbestuurder en restaurantbestuurder van die hotel om ’n verslag oor sy bevindings in die kombuis te bespreek. Die vergadering is onsuksesvol en die bywoners verlaat die vergadering geïrriteerd, gefrustreerd of verward.

Wat kon die Gesondheids- en veiligheidsbeampte anders gedoen het om dit ’n suksesvolle vergadering met positiewe resultate te maak? (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

’N BESPREKINGSTELSEL OP ’N MOBIELE APP

Thembi het gasvryheidsbestuur gestudeer en sedert sy haar studies voltooi het, werk sy as ’n ontvangsdame by ’n hotel. Sy het vyf jaar ervaring van werk by die ontvangstoonbank en het ’n geleentheid in die mark gesien. Sy het besluit om te bedank en haar droom te volg om haar eie besigheid te begin. Haar besigheidsidee is om ’n mobiele applikasie te skep wat kliënte kan gebruik wanneer verblyf bespreek word.

Hierdie besprekingstelsel sal gebruikers help om geskikte verblyf te kry volgens die kliënt se behoeftes en dit sal in moontlik wees om besprekings namens die kliënt te maak.

Thembi is aangeraai om haar besigheid as ’n alleeneienaar te registreer. Thembi het die volgende inligting oor ’n besigheid as ’n alleeneienaar ingesamel:

- EEN tot TIEN eienaars word toegelaat.
- ’n Oudit word jaarliks deur die wet vereis.
- Die besigheid is nie ’n afsonderlike belastingbetaler nie.
- Die wins moet gelykop tussen al die eienaars verdeel word.
- Geen beperking op die kapitaalbydraes nie.
- Die besigheid is ’n afsonderlike regsentiteit.

Meer inligting en navorsing moet gedoen word voordat Thembi haar besigheid kan begin.

3.1 Identifiseer VIER moontlike hulpbronne wat Thembi kan raadpleeg om meer inligting te versamel oor die besigheid wat sy wil begin. (4)

3.2 Die scenario hier bo het *foutiewe inligting* wat nie ooreenstem met die maatskappymodel van ’n alleeneienaar nie.

3.2.1 Identifiseer die foutiewe inligting wat in die scenario genoem word. (5)

3.2.2 Stel die foutiewe stellings wat in VRAAG 3.2.1 genoem word reg. (5)

Kopiereg voorbehou

3.3 Daar kan negatiewe gevolge wees as Thembi foutiewe inligting gebruik.

Brei uit op hierdie stelling. (5)

3.4 Beveel TWEE van die regsvereistes aan waaraan Thembi moet voldoen om ’n wettige sake-eienaar te word. (2)

3.5 Help Thembi om ’n evaluasie in tabelvorm te doen as sy besluit om met haar sake-idee voort te gaan. (3 × 2) (6)

3.6 Thembi moet die mobiele applikasie ontwikkel, maar sy moet ook sekere ander areas ontwikkel om ’n goeie sake-eienaar te wees.

3.6.1 As ’n mens kyk na die tipe besigheid wat Thembi wil begin, watter area hier onder is die mees kritieke om te ontwikkel? Kies EEN.

Hantering van kliënte-navrae, handhawing van ’n besprekingstelsel of om met rekenaar sagteware te werk. (1)

3.6.2 Regverdig jou keuse in VRAAG 3.6.1. (3)

3.6.3 Beskryf TWEE metodes wat Tembi kan gebruik om haar eie kennis en vaardighede in die area geïdentifiseer in 3.6.1 te verbeter. (2)

3.7 Sosialemediaplatforms is die beste hulpmiddels wat Thembi kan gebruik om haar mobiele besprekingstelsel-applikasie te adverteer.

Bespreek hierdie stelling en verskaf TWEE voorbeelde van sosiale mediaplatforms. (3)

3.8 Thandi kan ander kenmerke of dienste by die mobiele besprekingstelsel-applikasie voeg om dit te verbeter. Stel EEN ander kenmerk of diens voor wat sy kan byvoeg. (1)

3.9 Om brandtoerusting te inspekteer, is van die uiterste belang om te voldoen aan versekeringsvereistes.

Wat moet geïnspekteer word om te verseker dat ’n brandblusser aan die vereistes voldoen en gereed is om te gebruik? (4 × 1) (4)

3.10 Hoe sal ’n mens ’n nooduitgang-teken aan iemand verduidelik wat nog nie voorheen een gesien het nie? (3)

3.11 Daar is sekere stappe wat ’n bestuurder kan gebruik as hy/sy diefstal in die kosvoorbereidingsareas vermoed.

Stel ’n lys op wat gebruik kan word as hierdie situasie by ’n kollege voorkom. (6 × 1) (6)

[50]

VRAAG 4

Bestudeer die koslys hier onder en beantwoord die vrae wat volg:

KOSLYS

Varklies met geroosterde groente

Geroosterde botterskorsie

Tee/Koffie

Appelfrummelpoeding met Chantilly-room

Gerookte salm met Melba roosterbrood

Vanieljeroomys en sjokoladesous

Beesvleislasagne met Griekse slaai

4.1 Verskaf TWEE kenmerke van ’n table d’ hôte menu. (2 × 1) (2)

4.2 Kies EEN kositem uit die lys hier onder en verskaf ’n rede vir jou keuse vir elk van die kliënte wat hier onder genoem word:

4.2.1 Jood

4.2.2 Iemand wat ’n gluten-vrye dieet volg

4.2.3 Veganis

4.2.4 Iemand wat ’n meganiese sagte dieet moet volg

4.2.5 Diabeet (5 × 2) (10)

4.3 Phulufelo se dieetkundige het hom op ’n lae-sout dieet geplaas. Hy wil ’n Griekse slaai as voorgereg by ’n restaurant bestel, maar sy vrou sê dit is nie goed vir hom nie.

Motiveer waarom hy dit moet vermy om ’n Griekse slaai te eet. (2)

4.4 Tuisgemaakte vanieljeroomys is by die menu gevoeg. Die sjef toets drie verskillende resepte.

Hoe moet die sjef bepaal watter roomys om vir die menu te gebruik? (1)

4.5 Stel ’n DRIE-gang aandete voor uit die koslys wat verskaf is. Jy moet TWEE opsies per gang insluit en die beginsels om ’n menu op te stel gebruik. (10)

4.6 Die huidige resep vir appelfrummelpoeding maak 12 porsies. Die volgende funksie is vir 90 gaste. Gebruik die faktormetode om die bestanddele vir die resep korrek te vermeerder.

Skryf elke bestanddeel langs die ooreenstemmende nommer in jou antwoordboek neer en toon al die berekeninge om die korrekte hoeveelheid van daardie bestanddeel te bepaal om 90 porsies te maak.

	APPELFRUMMELPOEDING
4.6.1	250 g margarien
4.6.2	400 g koekmeel
4.6.3	380 g strooisuiker
4.6.4	4 eiers
4.6.5	100 g rosyne
4.6.6	300 g geblikte appels
4.6.7	20 ml fyn kaneel
4.6.8	5 ml neutmuskaat
4.6.9	180 ml klapper
4.6.10	10 ml bakpoeier

(10 × 1) (10)

4.7 Motiveer waarom ’n mens die punte hier onder moet oorweeg wanneer ’n menu beplan word.

4.7.1 Toerusting

4.7.2 Kennis en vaardighede van personeel (2 × 2) (4)

4.8 Die ontvangsdame by Paarl Hotel kry ’n telefoonoproep dat daar ’n bom in die hotel is.

4.8.1 Stel ’n lys van stappe op wat die ontvangsdame moet volg wanneer sy ’n bomdreigement via ’n telefoonoproep kry. (4 × 1) (4)

4.8.2 Wat kan die moontlike gevolge wees as die stappe genoem in 4.8.1 nie gevolg word nie? (2 × 2) (4)

4.9 Bepaal DRIE moontlike gevolge as toegang tot die bestuurder se kantoor nie beheer word nie. (3)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou